SSK
SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

AANSOEK OM NIE-LID REKENING

Vind aangeheg relevante vorms vir voltooiing en waarvan SSK die **oorspronklike** moet ontvang vir verwerking:

1. Nie-Lid aansoek: Individu / Besigheid besonderhede met SSK se kredietvoorwaardes.
2. Gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheidsvorm.

Afskrifte van die volgende dokuemnte word ook verlang:

- ∞ Bankbesonderhede (Gestempelde bankbrief of 'n gekanselleerde tjek),
- ∞ SEB Sertifikaat – indien enige,
- ∞ Bewys van fisiese adres (Bv: Eskom rekening of Munisipale rekening.),
- ∞ Finansiële state nie ouer as 12 maande is verpligtend vir 'n BK/Maatskappy/Trust.
- ∞ BTW sertifikaat

Volgens die Nasionale Kredietwet word bogenoemde inligting benodig vir 'n kredietverskaffer om 'n fasiliteit te skep; geen uitsonderings. Saam met die **oorspronklike aansoek** verlang SSK afskrifte van die volgende dokumentasie, van toepassing op die aansoeker:

Individu:	● Identiteitsdokument (NIE BESTUURSLISENSIE NIE!) ● Huweliksvoorwaarde Kontrak
Vennootskap:	● Vennote se Identiteitsdokumente, asook bewys van fisiese adresse ● Vennote se Huweliksvoorwaarde Kontrak ● Geskrewe vennootskapsooreenkoms, indien enige
BK:	● Lede van BK se identiteitsdokumente, asook bewys van fisiese adresse ● CK1 (Stigtingsverklaring) ● CK2 (Name en adresse van huidige lede van BK)
Maatskappy:	● Direkteure se identiteitsdokumente, asook bewys van fisiese adresse ● CM29 (wat huidige direkteure toon, met adresse) ● Of die COR 14.3
Trust:	● Trustees se identiteitsdokumente, asook bewys van fisiese adresse ● Trust akte ● Magtigingsbrief wat trustees aandui

Dit dien om te meld dat geen aansoek vir oorweging voorgelê sal word indien dokumentasie en inligting van die aansoeker nie volledig is nie. Addisionele inligting mag verlang word deur SSK se Kredietbestuurder.

SSK
SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

NIE-LID AANSOEK

Geregistreerde naam van onderneming:.....

Merk wat van toepassing:

Alleeneienaar	Vennootskap	BK	Maatskappy	Trust

BTW nr:.....**(Voorsien afskrif)** Registrasie nr: .....

Aard van besigheid:.....

Posadres:.....

Fisiese adres:.....

Tel nr:..... Faks nr:.....

Sel nr:..... E-pos adres:.....

Verantwoordelike persoon:..... Hoedanigheid van verantwoordelike persoon:.....

Hooftak van aankope by SSK:..... **Krediet verlang by SSK: R.....**

Volle name & ID nommers van alle direkteure/lede/trustees/vennote:

Volle Name	ID Nommer
.....	.....
.....	.....
.....	.....

Besonderhede van Handels verwysings:

Naam:.....	Naam:.....
Adres:.....	Adres:.....
Tel nr:.....	Tel nr:.....
Kontakpersoon:.....	Kontakpersoon:.....
Rek nr:.....	Rek nr:.....
Gem. aankope per maand R.....	Gem aankope per maand R.....

SSK
SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

Hoe verkies u om die staat maandeliks te ontvang? (Merk met X)
(U mag beide pos en e-pos opsies kies, indien so verkies.)

Via Pos □ Via e-pos □ Persoonlik kom afhaal □ Staat e-pos adres:.....
(Meer as een e-pos adres mag gegee word.)

Verlang u om die staat in Pastel formaat te ontvang? (Merk met X) E-pos adres vir Pastel:.....
(Meer as een e-pos adres mag gegee word.)

Ja □ Nee □

Maak u gebruik van bestelnommers? Ja □ Nee □ SEB geregistreer : Nee □ Ja □ (Voorsien afskrif)

Is u geregistreer vir Agri Bonus? Ja □ Nee □ Indien wel, voorsien die AgriBonus nommer:.....

SSK KREDIETVOORWAARDES

Hierdie fasiliteit word beskikbaar gestel met standaard 30-dae terme. 'n Rekening word as agterstallig of buite terme beskou, indien aankope binne 'n bepaalde maand nie vereffen is voor of op die laaste werksdag van die daaropvolgende maand nie.

Indien 'n rekening agterstallig is word die fasiliteit teruggetrek tot die agterstallige bedrag betaal is. Rente sal gehef word op agterstallige bedrae teen 'n rentekoers gelykstaande aan prima plus 4.5%. *Die fasiliteit sal ook teruggetrek word indien aankope die totale limiet waarop ooreengekom is, oorskry.*

Rekeninge kan elektronies betaal word. Indien u oorplasings van 'n ander bank maak, verseker dat dit tot 3 dae voor die einde van 'n maand geskied om betyds op SSK se bankstaat te verskyn. Elektroniese betalings moet dieselfde dag nog per faks of e-pos bevestig word. Hierdie faksnommer en e-pos adres word voorsien met verwelkomingsbrief.
Die aansoeker is aanspreeklik vir alle invorderings- en regskoste op 'n prokureur –en kliëntskaal wat aangegaan mag word, wat insluit enige kostes vir die aanmaning, reis en voorbereiding van enige stukke om betaling van enige bedrag verskuldig hierkragtens af te dwing, insluitend koste. Die aansoeker kies die adres hiervoor genome as sy domicilium citandi et executandi.

Ek, die ondergetekende (in my persoonlike hoedanigheid en / of in my hoedanigheid as behoorlik gevolmagtigde verteenwoordiger van die aansoeker (hierna "dieaansoeker"), verklaar dat die inligting hierin verstrek volledig en korrek is, en dat geen inligting wat hierdie kredietaansoek kan beïnvloed, weggelaat is nie. Die aansoeker verklaar en **gee hiermee onbeperkte toestemming** aan SSK om ter enige tyd enige persoonlike inligting [soos omskryf in die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Nr.4 van 2013 ("BPI Wet")] insluitend finansiële gegewens en data wat deel vorm van hierdie aansoek, te kontroleer en/of verifieër by ander instansies (soos byvoorbeeld kredietaansoeke by enige kredietburo, krediet- en finansiële inligting en geskiedenis verifieër by enige handelsbank, Landbank, ander landboukoöperasies en/of kredietverskaffers, CIPC of Aktekantoor nasoeke) vir doeleindes van die oorweging en verwerking van hierdie aansoek. Deur die ondertekening van hierdie aansoekvorm:

i) verklaar die aansoeker dat hy / sy vrylik toegestem het dat die aansoeker se data en persoonlike inligting (soos omskryf in die BPI Wet) deur SSK ingesamel en geprosesseer en her-prosesseer mag word (soos voorsien in die BPI Wet);
ii) erken en bevestig die aansoeker dat SSK onder meer die aansoeker se persoonlike inligting benodig en sal prosesseer en her-prosesseer vir doeleindes van : (a) die nakoming van statutêre bepalings (insluitend maar nie beperk tot die bepalings van die Nasionale Kredietwet, Wet 34 van 2005 en die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, Nr. 38 van 2001); (b) risiko assessering; en (c) die verskaffing van krediet en / of ander dienste aan die aansoeker kragtens die bepalings van enige bestaande of toekomstige kredietfasiliteitsooreenkoms en / of enige ander ooreenkoms tussen SSK en die aansoeker; en
iii) stem die aansoeker toe dat SSK sy / haar persoonlike inligting / data mag verskaf aan SSK se diensverskaffers of agente of enige persone / entiteite aan wie enige van SSK se regte kragtens hierdie aansoek oorgedra is of mag word of aan enige persone / entiteite wat regtens en / of kragtens die bepalings van enige ooreenkoms wat tussen die aansoeker en SSK gesluit is of mag word voortspruitend uit die inligting wat ingevolge hierdie aansoek verskaf is, daarop aanspraak mag maak.

SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

Verder waarborg ek/ons dat:

a) Ek/Ons SSK se kredietvoorwaardes gelees het, verstaan en daartoe instem.

b) Ek, die aansoeker, aanvaar volle verantwoordelikheid vir hierdie rekening in my persoonlike hoedanigheid.

Geteken te ..... op hierdie dag ..... van ..... 20.....

1. Handtekening: ..... Naam: .....Hoedanigheid: .....

2. Handtekening: ..... Naam: .....Hoedanigheid: .....

3. Handtekening: ..... Naam: .....Hoedanigheid: .....

4. Handtekening: ..... Naam: .....Hoedanigheid: .....

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

Limiet toegestaan: R.....

Goedgekeur deur: .....

Datum van goedkeuring: .....

Opmerkings: .....

.....

.....

SSK
SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

GESAMENTLIKE EN AFSONDERLIKE AANSPREEKLIKHEID

Ek/Ons, die ondergetekendes:

en.....en.....

en.....en.....

wat in Maatskappy/Vennootskap/Beslote Korporasie/Trust sake doen onder die naam van:

.....

versoek u hiermee om 'n rekening in die naam van die genoemde onderneming te open.
Ek/Ons erken en bevestig dat ek/ons gesamentlik en afsonderlik en in solidum in my/ons persoonlike en afsonderlike hoedanighede sowel as die Maatskappy/Vennootskap/Beslote Korporasie/Trust verantwoordelik is vir alle skulde of ander verpligtinge van watter aard ookal, huidig sowel as toekomstig en hoe dit ookal mag ontstaan, wat nou of in die toekoms deur die Maatskappy/Vennootskap/Beslote Korporasie/Trust aan SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE (hierna later genoem die Koöperasie) verskuldig of betaalbaar mag wees.

En ek/ons erken verder en stem toe dat die Koöperasie die bedrag van enige sodanige verpligting van een of meer van ons in my/ons persoonlike hoedanighede mag verhaal, beslag op my/ons privaat bates mag lê sonder die noodsaaklikheid van enige voorafgaande aksie teen die onderneming of beslaglegging op enige van die bates van die onderneming.

En ten slotte erken ek/ons toe dat ingeval die boedel van die Maatskappy/Vennootskap/Beslote Korporasie/Trust en die boedel of boedels van enigeen of meer van ons gelyktydig onder sekwestrasie is, die Koöperasie 'n eis vir die bedrag van enige sodanige verpligting teen die gesekwestreerde boedels van almal of enigeen van ons/my, asook teen die boedel van die Maatskappy/Vennootskap/Beslote Korporasie/Trust mag instel en bewys.

Ingeval die samestelling van my/ons onderneming gewysig of verander word, sal behoorlike skriftelike kennisgewing daarvan aan u gegee word en sodanige kennisgewing sal op die Maatskappy/Vennootskap/Beslote Korporasie /Trust bindend wees indien dit in die naam van die onderneming deur enigeen van ons ondergetekendes hiervan gegee is.

GETEKEN:

1. .....
   Naam in drukskrif:.....
2. .....
   Naam in drukskrif:.....
3. .....
   Naam in drukskrif:.....

GETUIES: (Maak asseblief seker dat getuies teken)

1. .....
   Naam in drukskrif:.....
2. .....
   Naam in drukskrif:.....
3. .....
   Naam in drukskrif:.....

DATUM:.....
(Maak asseblief seker dat u die datum voltooi.)